Waardes: ‘n Samevatting:

3 Augustus: Wouter de Vos: Unashamedly ethical

Die Here gebruik mense met hulle foute in Sy plan (Moses, Gideon, Paulus)

Bewers: elkeen doen sy werk en daardeur dien hy ander en ‘n groter plan – skep ‘n nuwe ekosisteem tot voordeel van baie

Onbeskaam eties: verbintenis tot eerlikheid, geestelike volwassenheid, toerusting, eenheid binne die Liggaam van Christus, samewerking tot voordeel van die gemeenskap en nasie, evangelisasie en uitbreiding van God se Koninkryk, opreg te gee en deernis te hê vir armes, weduwees, wese en vreemdelinge, besteding van tiendes en offergawes in biddende afhanklikheid, betaling van billike lone.

10 Augustus: Jan Steyn: Vissers en herders n.a.v. Johannes 21:1-25

Die waarde vandag is **dissipelskap** met subtemas soos **gehoorsaamheid en leerbaarheid.**

Greg Ogden se definisie van dissipelskap is baie belangrik: "A disciple is one who responds in faith and obedience to the gracious call to follow Jesus Christ. Being a disciple is a lifelong process of dying to self while allowing Jesus Christ to come alive in us."

Die **beeld van vissers** herinner ons aan die funksie van evangelisasie- dat ons moet uitgaan en mense ontmoet waar hulle is en hulle so by Christus en die kerk betrek.

Die **herderbeeld** herinner ons dat ons mense wat by die kerk betrek word moet versorg asook mekaar as medegelowiges.

17 Augustus: Dr Braam Hanekom (Wes-Kaap moderator NG Kerk)

Karakter is die skuimstreep wat jy agterlaat.

‘Character is the ability to meet the demands or reality’ – H Cloud

Integriteit en konsekwente eerlikheid – hoe jy optree as niemand sien nie.

Nederigheid – buig voor mindere.

Deugsaamheid, kennis en geestelike groei, selfbeheersing, Godsvrug, liefde vir mekaar en alle ander mense.

Abraham Lincoln: ‘…those nations are blessed whose God is the Lord’ – onsself in perspektief sien as ontvangers van genade en seën – sukses nie a g v eie slimmigheid.

24 Augustus: Jan Steyn: Gasvryheid n.a.v Genesis 18:1-15 en Hebreërs 13:2:

Gasvryheid in Bybel is in teenstelling met ons algemene verstaan van die woord gasvryheid en openlikheid teenoor vreemdelinge- letterlik liefde vir die vreemdeling.

Hoe reik ons uit na die vreemdelinge uit ander lande in ons dorp?

Hoe behandel ons mense wat vreemd in gemeente is?

Is gelowiges van ander gemeentes in dorp en hul leiers nie soms ook vir ons deel van hierdie vreemdelinge nie?

Ons gasvryheid teenoor mense is gegrond in die gasvryheid van God (laaste deel Psalm 23) by wie alle mense en alle soort mense welkom is. Is hierdie soort gasvryheid ook waar van ons as God se kinders en Sy gemeente?